Daar is plante in ons tuine wat wel giftig is , en ons weet dit nie eers nie.
MOENIE UITHAAL NIE! Leer vir jou kinders liewers, dat dit giftig is!

Melia azedarach
Syringa Seringboom Kapflieder/Flieder

Ons ken hom almal, en hy staan in amper almal se tuine. Sy skaduwee is koel, daar is nie dorings nie, kinders speel graag onder hom. Die droe bessies dien as kos vir skape, bokke, beeste en ons dink nie daaraan dat kleintjies alles in die mond druk nie Daar is nie so baie gevalle van vergiftiging bekend nie, maar dis tog goed om vir jou kinders te leer.

Kinders wat van hierdie bessies eet, sal opgooi, die maag sal begin werk, hulle sal bewe en krampe ondervind. Gewoonlik herstel kinders na behandeling, maar daar was al gevalle, waar sterftes opgetree het.

Nerium oleander
Oleander Selonsroos

Ook hierdie plant staan in baie van ons se tuine. Dis gehard, dra die pragtigste blomme in wit, roomkleurig, in verskeie skakerings van pienk tot donkerrooi. Dit is regtig ‘n staatmaker . Aangesien dit nie smaaklik is vir diere nie, sal hulle nie vanself daarvan vreet nie, MAAR oppas om dit saam met gesnyde gras (grasperk) vir jou diere te gee. Alle plantdele van die plant is giftig, selfs al is dit droog. Die takke, wat lekker glad en reguit is, behoort NIE AS BRANDHOUT OF VIR STOKBROOD/ MARSHMALLOWS gebruik te word nie.

Simptome by vergiftiging sluit naarheid, opgooi, versteurde oogsig, geestelike verwarring en algemene swakheid gevolg deur vertraging van hartslag in. Akute dood volg.

Inligtingsbron: Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia by
Coleen Mannheimer
Anna Marais
Sonja Schubert

Fotos: Anka Eichhoff.